**6 Julie**

## My huwelik moet die kerk bevoordeel!

**Skrifgedeelte: Numeri 36:1-12**
**Fokusgedeelte: Numeri 36:6**

In die beloofde land het God aan elke stam ’n spesifieke grondgebied gegee. Dit kon egter gebeur dat ’n man net dogters het, soos Selofgad, en as hulle dan met iemand van ’n ander stam sou trou, sou hierdie grondgebied oorgaan na die ander stam. Ter wille hiervan is Selofgad se dogters aangesê om net met iemand in hulle eie stam te trou. So sou die grond behoue bly vir die stam. So moes hulle huwelike dus die volk van God bevoordeel.

Vandag moet ons huwelike die kerk van God bevoordeel. Daarom mag ’n gelowige net met ’n gelowige trou (vgl. 1 Kor 7:29). Waar ’n gelowige met ’n ongelowige trou, gaan meer as net grondgebied verlore.

Vir die mens van vandag is dit vreemd dat iemand vir hom of haar kan voorskryf oor met wie hulle mag trou en met wie nie. Maar gelowiges weet: God is God, ook van die huwelik, en daarom mag Hy ook voorskrifte gee oor met wie ek mag trou en met wie nie. Daarom dan ook die Bybelse beginsel – ’n gelowige mag nie met ’n ongelowige trou nie, want my huwelik moet die kerk bevoordeel. Hoe?

Die kerk word bevoordeel waar getroude gelowiges met hulle huwelike Christus se verhouding met sy kerk afbeeld, waar hulle een is in Christus, waar hulle verbondskinders voortbring en grootmaak in die kerk. ’n Gelowige mag dus trou met wie hy of sy wil, solank dit net met ’n gelowige is en hulle huwelik die kerk sal bevoordeel! Waar gelowiges hierdie riglyn volg, gebied die Here sy seën!

Bevoordeel jou huwelik die kerk van die Here?

*Sing: Psalm 45:9, 10 (1936-beryming)*

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*